

PSW – Jaar 1 KW 3

**Grondwetlike regte en Verantwoordelikhede
Kinderregte en Verantwoordelikhede**

Week 22 Junie – 3 Julie

Naam: _____

Datum: _____

1. Toepassing van Menseregte soos geskryf in die Grondwet

Die Grondwet is die versameling wette wat gebruik word om ons land te bestuur. In Suid-Afrika, word ons menseregte gelys as deel van ons Grondwet wat die Handves van Regte genoem word.

Menseregte verseker dat ons, ons op 'n bepaalde wyses gedra. Dit beskerm ons teen mense wat ons kwaad wil aandoen. Wanneer ons hierdie regte gehoorsaam, leer ons om in harmonie met ander saam te leef.








Die Kinderregte vorm ook deel van hierdie Handves van Regte. Hierdie regte vorm deel van die hoogste wet in Suid-Afrika en dit is baie moeilik om dit te verander of van mense weg te neem.



Met elk van hierdie regte het ons verantwoordelikhede. So het ons byvoorbeeld 'n reg tot opvoeding en ook die verantwoordelikheid om skool gereeld by te woon en hard te werk.

As 'n persoon se regte geskend is, kan hy / sy die Konstitusionele Hof om hulp nader



2. Kinderregte en verantwoordelikhede.

	<u>Kinderregte</u>	<u>Verantwoordelikhede</u>
	Die reg op goeie onderwys	Om skool toe te kom, te leer en my beste te doen.
	Die reg op basiese versorging en omgee	As iemand versorging nodig het, ek hulle sal help
	Die reg op gesondheidsorg en sosiale dienste	Hospitale, klinieke, dokters gereeld te besoek en ook na my eie gesondheid te kyk. Gesond te lewe.
	Die reg op beskerming teen misbruik of vernedering, mishandeling of verwaarlosing	Om myself veilig te hou en nie aanleiding te gee aan sulke situasies nie.
	Die reg op 'n naam, identiteit en nasionaliteit	Om trots te wees op my naam, identiteit en nasionaliteit.
	Die reg op basiese gesonde voedsel	Om gesond te lewe, te eet en nie met kos te mors nie
	Die reg om nie werk te doen wat nie goed vir hom/haar is nie. Kinderarbeid.	Om aktiwiteite te doen wat by my ouderdom pas bv. te speel en te ontwikkel.

	<p>Die reg op basiese behuising ['n veilige en gemaklike huis]</p>	<p>Om te help om die huis skoon en netjies te hou.</p>
	<p>Die reg om nie aangehou te word [in die tronk] behalwe as laaste uitweg. [Vryheid]</p>	<p>Om nie betrokke te raak by die verkeerde dinge nie.</p>

Aktiwiteit 1

Merk in die korrekte kolom of die volgende 'n skending van kinders se regte is. Merk JA of NEE. [10]



	JA	NEE
1.1. Kan nie skool toe gaan nie, oor vervoerprobleme.		
1.2. Het genoeg klere om aan te trek.		
1.3. Moet baie hard werk, in plaas van speel.		
1.4. Het genoeg gesonde kos om te eet.		
1.5. Bly in 'n baie klein huisie.		
1.6. Geen medikasie as jy siek is nie.		
1.7. Gedwing word om aan te trek soos jou vriende.		
1.8. Om tronk toe te gaan vir geweld.		
1.9. Kry 'n goeie pakslae omdat jy die deur gebreek het.		
1.10. Word beskerm teen vernedering.		

Aktiwiteit 2

Kies die regte verantwoordelikhede in B om die pas by die Kinderregte in A.

Skryf slegs die nommer neer. bv. 8 en K

[5]

A		B
Kinderregte		Verantwoordelikhede
1. Die reg op goeie onderwys	1. en ____	A. Om te help om die huis skoon en netjies te hou
2. Die reg op 'n naam, identiteit en nasionaliteit	2. en ____	B. Om skool toe te kom en my huiswerk te doen
3. Die reg op basiese gesonde voedsel	3. en ____	C. As iemand versorging nodig het, ek hulle sal help
4. Die reg op basiese behuising	4. en ____	D. Om trots te wees op wie ek is.
5. Die reg op gesondheidsorg	5. en ____	E. Om gesond te lewe en nie met kos te mors nie
		F. Om na my gesondheid te kyk en my medikasie te drink.

3. Die verskil tussen regte en verantwoordelikhede

'n **Reg** is 'n vryheid wat beskerm word, soos byvoorbeeld die **reg** op goeie onderwys.

'n **Verantwoordelikheid** is 'n plig of iets wat jy moet doen, soos om jou huiswerk te doen en nie die klas te ontwrig nie.

<u>Regte</u>	<u>Verantwoordelikhede</u>
Jy het die reg tot 'n veilige omgewing	en die verantwoordelikheid om veiligheidsreëls te volg.
Jy het die reg om skool materiaal te gebruik	en die verantwoordelikheid om dit op te pas.
Jy het die reg tot regverdigte behandeling	en die verantwoordelikheid om ander regverdig te behandel.
Jy het die reg op goeie onderrig	en die verantwoordelikheid om jou bes te doen.
Jy het die reg op basiese gesonde voedsel	en die verantwoordelikheid om gesonde kos te eet.



4. Verantwoordelikhede by die huis en by die skool.

<u>HUIS</u>	<u>SCHOOL / SKOOL</u>
<p><u>Byvoorbeeld:</u></p> <ul style="list-style-type: none">- Dek die tafel- Gee kos vir die hond- Maak jou bed op- Was die skottelgoed- Maak jou kamer skoon- Gehoorsaam jou ouers / voogde- Moenie met jou boetie of sussie baklei nie- Maak agter jouself skoon- Doen jou huiswerk- Vat die asblik uit- Versorg jouself: bad, borsel jou tande, trek skoon klere aan 	<p><u>Jy het die verantwoordelikheid om:</u></p> <ul style="list-style-type: none">- skool en klasreëls te gehoorsaam- volwassenes met respek te behandel- te luister en nie te praat as die onderwyser praat nie- voorbereid te wees vir skool, deel te neem aan klaskamer aktiwiteite, en om opdragte te voltooi wat gegee is deur die onderwyser- nie ander se aandag af te trek van leer nie- jou werk betyds te begin en genoeg tyd te gee om dit te voltooi- te vra as jy hulp nodig het- betyds te wees vir die klas- jou eie werk te doen- 'n positiewe ingesteldheid te hê  <p><small>© www.ClipProject.info</small></p>

Aktiwiteit 3

Skryf 2 verantwoordelikhede neer wat jy by die huis het. [2]

1. _____

2. _____

Skryf 3 verantwoordelikhede neer wat jy by die skool het. [3]

1. _____

2. _____

3. _____

Totaal : 20